

*Craig Mair: Britain at War. John Murray, Londen, 1982. R7,47.*

Dié boek is deur 'n Britse skoolhoof vir Britse skoolkinders geskryf. Daarom is dit in 'n direkte, eenvoudige styl geskryf en vertel dit die verhaal op 'n wyse wat leerlinge boei, maar hulle tog van die lewenswerklikhede en die probleme van die oorlog bewus maak. Eersgenoemde word byvoorbeeld bereik met die beskrywing van soldate se lewe in die loopgrawe (hfst 4) en die lewe binne in die nuwe wapen, die tank (hfst 7) en tydens 'n gifgasaanval. Die ontwikkeling van die vegvliegtuig word ook op 'n eenvoudige wyse gedoen. Die kaarte is besonder duidelik en eenvoudig. 'n Handige boek veral vir kinders wat in militêre geskiedenis belangstel.

P H Kapp